

Mediaverklaring

Minder onderwysers, hoër druk op infrastruktuur

2021/02/25

Tito Mboweni, minister van finansies, het Woensdag in sy begrotingsrede geensins oplossings gebring vir talle probleme wat die onderwyssektor in die gesig staar nie.

’n Skrale 0,8%-groei in die begroting vir die vergoeding van onderwysers, asook onderwysers wat vroeër aftree, veroorsaak ’n ernstige tekort aan die aantal beskikbare onderwysers. Die tesourie erken self dat die gebrek aan geld vir onderwysers se salarisse tot “negatiewe leeruitkomste” sal lei.

Melanie Buys, hoof van Ontwikkeling by die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum (SOS) sê: “’n Digitale strategie vir alle skole behoort die prioriteit in die onderwysbegroting te wees. Die onlangse inperkings bevestig die noodsaak van tegnologie om ononderbroke, kwaliteit onderwys te verseker. Gebrek aan opgeleide onderwysers en begroting vir digitale infrastruktuur, maak dit egter onwaarskynlik.”

Besteding aan die leer- en kultuurfunksie, wat basiese en tersiêre onderwys insluit, sal volgens die tesourie van R387,2 miljard in 2020-’21 tot R416 miljard in 2023-’24 toeneem. Alhoewel dit in geldwaarde meer is as verlede jaar, beteken dit in reële terme ’n verlaging in inkomste.

Hoewel daar jaarliks groot bedrae aan nuwe skoolinfrastruktuur toegewys word, kom daar weinig van dié beloftes wat gemaak word om nuwe skole te bou.

“Die groeiende aantal leerlinge in veral Gauteng en die Wes-Kaap impliseer groter klasse. Skoolgeldskole se gemeenskappe befonds reeds hul eie leerdervoer en voedingskemas. Die skole word verder onder druk geplaas deur die verpligte kwytskelding van skoolgelde aan ouers wat kan bewys dat hulle sukkel, sonder om daarvoor vergoed te word deur die staat,” sê Buys.

Dit sal tot voordeel van die Departement van Onderwys (DBO) wees om gemeenskappe wat dit verkies, toe te laat om openbare skole om te skakel na onafhanklike skole. Groot besparings kan so bewerkstellig word. Die SOS hoop om binnekort met die minister van basiese onderwys, Angie Motshekga, te vergader om hierdie voorstel te bespreek.

Solidariteit Skoleondersteuningsentrum het twaalf verskillende vakverenigings wat professionele ondersteuning aan onderwysers bied, sowel as Die Wolkskool wat ’n volledige onderwysbestuurplatform en aanlyn kurrikulum vir leerders van Graad 1 tot 12 bied.

Vir alle medianavrae:



Sarina Prinsloo

Skakelbeampte

 012 612 0234

 072 123 1707

 sarina@skole.co.za

 Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

skole.co.za



012 612 0234



admin@skole.co.za



Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion

www.skole.co.za

